NUUSBRIEF

01 / 2018

SADPO

SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID-AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

DELWERS KONFERENSIE 2018:

Ons is baie opgewonde oor ons 2de Delwers Konferensie wat gehou word op 14 Maart 2018 in Christiana. Hierby ingesluit is die Kennisgewing en ons vra dat u nou al reeds die datum in u dagboeke aanteken om te verseker dat u nie hierdie fantastiese dag misloop nie! Let asseblief ook op vir die sluitingsdatum vir registrasie – 27 Februarie 2018.

MYNBOU HANDVES:

Die Kamer van Mynwese se Hofsaak rakende die implementering van die Mynbou Handves kom voor van 19 – 21 Februarie 2018. SADPO hou die verwikkelinge fyn dop en sal ons weer hieroor aan u berig.

DIESEL RABATTE:

'n Hernieude voorlegging deur SADPO, in samewerking met die Kamer van Mynwese, sal teen einde Februarie aan die Nasionale Tesourie voorgelê word, ten einde finaliteit rakende die onsekerheid hieromtrent te verkry en berig ons enige verwikkelinge ook aan u.

ADJUNK MINISTER, MNR G OLIPHANT:

We recently had a very successful meeting with the Deputy Minister of Mineral Resources, Mr G Oliphant. He received us remarkably well and we look forward to positive consultations in future. We also pointed out to the Deputy Minister some issues in legislation and regulation that affects our members' financial survival. Although the state's wheels do not always turn as fast as everyone wants, we are sure that with further engagements we will make a positive change for our members. However, we are excited about the possibilities that may arise from this and we urge you to watch this space!

INSPEKSIE VRAELYSTE:

Ons versoek dat u asseblief na elke inspeksie wat u vanaf die DMR ontvang vir ons 'n inspeksievraelys sal voltooi en aanstuur. Hierdie is 'n deurlopende inisiatief van SADPO om in kommunikasie te bly met die verskillende Inspekteurs en amptenare. Die vraelys moet asb. nie beskou word as 'n "klabrief" nie – ons wil ook graag aan die DMR erkenning gee indien hulle goeie werk doen. Ons verstaan ook dat u 'n magdom administratiewe take moet voltooi, maar ons vra u bystand hierin. *SADPO is net so sterk soos die inligting wat ons van ons lede ontvang.*

MAANDELIKSE LIDMAATSKAP BYDRAE:

Daar is verskeie maniere waarop u die maandelikse bydrae van 0,15% aan SADPO kan maak:

Indien u nie self die oorbetaling direk aan SADPO doen nie, maak asseblief seker dat die bemarkingsentiteit deur wie u bemark, dit wel doen. Daar is van hulle wat verwag dat u hulle dienooreenkomstig skriftelik hieroor moet opdrag gee.

Baie dankie hiervoor – indien u enige navrae hieromtrent het, kontak gerus vir Lynette Kruger.

DIENSVERSKAFFERS:

Ons Konferensie bied 'n fantastiese bemarkingsgeleentheid vir al die diensverskaffers van ons industrie. Indien u 'n behoefte het om terug te ploeg, lees asseblief ons aangehegte terme & voorwaardes. Ons bedank ook diè lede wat tot dusver soveel moeite gedoen het om borge in te samel.

HITTE UITPUTTING:

Almal weet hoe warm dit hierdie tyd van die jaar kan word. Hiermee 'n nuttige gids wat u kan help op daardie ekstra warm dae!

		√
WATER	Is daar genoeg vars, koue water so na as moontlik aan waar die werknemers werk?	
	Word waterverkoelers gereeld volgemaak?	
SKADU	Is daar skadu beskikbaar vir breuke of indien werknemers moet herstel?	

OPLEIDING	Kan werknemers die algemene tekens / simptome van hitte uitputting identifiseer?	
	Kan werknemers behoorlike voorkomingsmaatreëls toepas om hitte uitputting te voorkom?	
	Weet werknemers van die belangrikheid van akklimatisering?	
	Weet werknemers hoe belangrik dit is om gereeld water te drink (al is hulle nie dors nie)?	
	Weet werknemers watter stappe geneem moet word indien 'n kollega simptome toon?	
NOODGEVALLE	Weet werknemers wie in kennis gestel moet word as daar 'n noodgeval is?	
	Kan werknemers verduidelik presies waar hulle is, indien 'n ambulans gekontak word?	
	Weet almal wie die noodhulp (first aid) moet toepas?	
HERINNER WERKNEMERS	Drink gereeld water	
	Rus in skadu	
	Rapporteer hitte uitputting simptome vroegtydig	
	Prosedure tydens 'n noodgeval	

TRIPARTITE VERGADERING DATUMS:

Ons gee hiermee vir u 2018 se Mine Health & Safety Council (MHSC) Tripartite Forum vergaderings vir Noord Wes & Noord Kaap deur. Ons vra dat alle lede hierdie Forum vergaderings sal bywoon en deelneem aan hierdie inisiatief om inligting / idees uit te ruil hoe om veilig en gesond te werk.

NOORD WES (ORKNEY GHOLF KLUB)

20 Maart 2018

22 Mei 2018

24 Julie 2018

25 September 2018

20 November 2018

NOORD KAAP (PROTEA HOTEL, KIMBERLEY)

1 Februarie 2018

22 Maart 2018

24 Mei 2018

19 Julie 2018

20 September 2018

22 November 2018

Vir enige navrae hieromtrent is u welkom om die DMR Hoof Inspekteur in u provinsie te kontak of ons Sekretaris, Lynette.

TENDER DATUMS:

Die tender datums vir die volgende 3 maande is:

19 – 22 Februarie 2018

19 – 22 Maart 2018

16 – 19 April 2018

NASIONALE KOMITEELEDE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, Lyndon de Meillon, Rick Hattingh, Anton Jacobs, Johan Keyser, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos, Edith van Wyk

TENDERHUISE: CS Diamonds, Mahube Diamonds, NDM

SUB-KOMITEE VIR OMGEWINGSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Wadala Mining & Consulting (EDMS) BPK
SUB-KOMITEE VIR ARBEIDSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Glen Urquhart
SUB-KOMITEE VIR MYNVEILIGHEID: Gert van Niekerk (Voorsitter), Anton Jacobs (Noord Wes), Edith van Wyk (Noord Wes), Johan Keyser (Noord Kaap), Mark Hunt (Noord Kaap)
KONSULTANT: Dr John Bristow, PhD.

Webtuiste: http://sadpo.co.za/
Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850
E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737

TEAMWORK

MAKES THE DREAM WORK!!